20 Jan
Uitgawe 2010/01/20

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees. En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder. Toe val Abram op sy aangesig… (**Gen 17:1-3**). God het dieselfde boodskap vir ons vandag; om met God te wandel en opreg te wees in ons handelinge. Ons moet gehoorsaam wees aan God in elke opsig omdat Hy God is – dit is genoeg rede. Abram se reaksie toe God met hom praat was uit eer en respek – hy het op sy aangesig geval. Word ons nog bekoor met respek en verwondering wanneer ons God se stem hoor, of is Sy teenwoordigheid vir ons te alledaags? ***Hemelse Vader, ons buig neer voor U. Ons verlang om U teenwoordigheid daagliks in ons lewens te hê en ons wil U eerbiedig in alles wat ons doen. Ons sal nie vrees nie, want U is ons Skild en ons loon by U is groot.***

Deurbraak : Herlewing in Moslem Algerië

Ten spyte van wette wat bekering belet, is daar baie Moslems wat Christus aanneem in 'n besonderse beweging van God se Gees in Noord-Algerië. In 2008, het Algerië 'n nuwe wet ingestel wat bekering van Moslem na enige ander geloof belet en het die regering die reg gegee om elke Christelike aksie te reguleer. Die wet was 'n direkte aanval op Christene aangesien meeste van die Christene in Algerië voorheen Moslems was. Die nuwe wet kon elke Christen kerk in die land onwettig verklaar. Ten spyte van die nuwe wet, was 2009 'n ongelooflike jaar vir evangelistiese kerk groei. Sommige kerke het met 802% gegroei. Baie nuwe Gelowiges kom van Islam met geen Christen erfenis, geen Christelike agtergrond, geen hulpbronne of enige onderrig nie. Maar hulle glo in God en Sy Woord. (Webruimte: http://www.mnnonline.org/article/13606, 10/12/09). ***Dank God vir die baie Gelowiges wat hul harte na Hom gedraai het. Bid dat God vir hul 'n gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, en ook hul oë sal verlig.*** (**Ef.1:17-18**). ***Bid dat hulle ervare sal word in die Woord van geregtigheid en die vermoë sal hê om tussen goed en kwaad te kan onderskei.*** (**Heb.5:13-14**).

Bid vir jou gemeenskap : Tieners in gevaar van dood

Kinders plaas videos op die Internet waar hulle ander jongelinge wurg tot op die punt waar hulle flou word, 'n gier wat dokters waarsku kan tot breinskade lei en selfs die dood. In een geval het 'n groep tieners duidelike instruksies gegee om te volg in 'n "onderrigsvideo", terwyl in vele ander Britse stemme gehoor kan word. Die probleem word meer erken in die Verenigde State, Kanada en Frankryk, maar baie propaganda makers is van mening dat Brittanje nie aandag aan die probleem skenk nie. In Brittanje, het die Departement vir Kinder, Skole en Families gesê dat hulle bewus is van die aktiwiteit en dat hulle die situasie monitor. Daar is geen bewyse van navorsing op hierdie gebied in die VK nie, alhoewel daar 86 gevalle van jongmense in Brittanje is wat op hierdie manier gesterf het. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 08/01/10). ***Bid dat jongmense nie meer sal voortgaan met hierdie aktiwiteit nie, en dat diegene wat nuuskierig is nie nog 'n geleentheid sal kry om dit uit te probeer ne. Vra Jesus om Homself aan die jongmense te openbaar, want Hy is die Een wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie.*** (**2 Tim.1:10**).

Suid-Afrika : Kinders sonder sorg

Hulle is onderskeidelik net agt en tien jaar oud, maar hulle bly alleen sorg vir hulself. Hulle bly in 'n gebou sonder 'n deur op hul ouma se werf, maar hulle maak nie staat op haar hulp vir enigiets nie. Die dogters gaan skool toe maar loop wanneer hul wil en dwaal in die buurt rond opsoek na kos. Die dogters se ma spandeer haar geld om met haar vriende te drink. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=139&art_id=iol1263809121151H545, 18/01/10). ***Bid vir al die kinders wat na hulself moet omsien. Bid vir ouers; dat hulle na hul kinders sal omsien soos God dit beplan het.***

Internasionaal : Bid vir die kinders van Haiti

Daar word gevrees dat sowat twee miljoen kinders wees gelaat of verwyder is van hul ouers in Haiti. Die kommer het ontstaan na Haiti getref was deur 'n aardbewing met 'n omvang van 7.0. Daar is 'n toenemende kommer oor hul veiligheid terwyl plunderaars vry rondloop. Die tronk het inmekaar gesak, ek gevangenes loop vry rond. Daar is verskeie bedieninge wat na weeskinders omsien. Die kinders hoor die boodskap: "Ons gaan na jou omsien totdat jy 'n volwassene is. Ons gaan vir jou onderrig gee en vir jou lief wees. Ons gaan jou leer oor Jesus Christus. Ons wil hê jy moet die goddelike agent van verandering wees in die toekoms van Haiti." (Webruimte: http://www.mnnonline.org/article/13762, 18/01/10). ***Bid dat weeskinders hul rus en vertroosting sal vind in God. Bid dat die weeskinders ontvanklik sal wees vir die boodskap van hoop wat met hul gedeel word. Bid vir die genoegsame voorsiening van kos, klere en medikasie vir die kinders.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com